



www.agrisa.co.za

Special Zimbabwean Exemption Permit (ZEP)

Spesiale Zimbabwe Vrystelling Permit (ZSP)

To: Provincial Affiliations
Commodity Organisations
Corporate Members

Aan: Provinsiale Affiliasies
Bedryfsorganisasies
Korporatiewe Lede

Cabinet considered the extension of the ZEP. The first Zimbabwean special dispensation started in 2009 and it provided for the documentation of qualifying Zimbabweans for five years. In 2014, the dispensation was extended by three years and called the Zimbabwean Special Permit.

Die Kabinet het die uitbreiding van die ZSP oorweeg. Die eerste Zimbabweese spesiale bedeling het in 2009 begin en dit het voorsiening gemaak vir die dokumentasie van kwalifiserende Zimbabweërs vir 'n tydperk van vyf jaar. In 2014 is die bedeling met drie jaar verleng en die Zimbabweese Spesiale Permit genoem.

The current ZEP was initiated in 2017 and comes to an end on 31 December 2021. Following its deliberations, Cabinet decided to no longer issue extensions to the Zimbabwean special dispensations.

Die huidige ZSP is in 2017 begin en kom tot 'n einde op 31 Desember 2021. Na sy beraadslaging het die Kabinet besluit om nie verdere uitbreidings ten opsigte van die Zimbabweese spesiale bedelings uit te reik nie.

Cabinet, however decided on a 12 month grace period at the expiry of the current ZEP. During this period, the holders of this permit should apply for other permits appropriate to their status or situation. At the expiry of these 12 months, those who are not successful in applying for such other permits, will have to leave South Africa or be deported.

Die Kabinet het egter besluit op 'n 12 maande grasietydperk by die verstryking van die huidige ZSP. Gedurende hierdie tydperk moet die houers van hierdie permit aansoek doen vir ander permitte wat geskik is vir hul spesifieke status of situasie. By die verstryking van hierdie tydperk van 12 maande sal diegene wat nie suksesvol was met die aansoek vir sulke ander permitte nie, Suid-Afrika moet verlaat of gedeporteer word.

Note: For your information

Nota: Ter inligting